GRAAD 11: WEEK 4: 22 tot 26 Junie 2020

OPDRAG 25 A: BESPREKING: LEESTEKENS (PUNKTUASIE)

1. Leestekens:

1. Die punt (.) word gebruik
   - ✓ aan die einde van 'n stelsin: Ons moet die omgewing bewaar.
   - ✓ by afkortings, byvoorbeeld: a.g.v. dept. vnw.

2. Die komma (,) word gebruik
   - ✓ tussen twee werkwoorde (ww.): Terwyl ek geslaap het, het my ma gewerk.
   - ✓ Voor of na die naam van iemand met wie jy praat: Thabo, kom help my!
   - ✓ Tussen byvoeglike naamwoorde: Ek hou van soet, krakerige lekkers.
   - ✓ Tussen woorde in 'n lys: Ek hou van appel, pere, lekkers en vleis.
   - ✓ Voor die voegwoorde "want" en "maar": Ek sal haar help, want sy het my hulp nodig.
     Ek help haar, maar eintlik is sy net lui.

3. Vraagteken (?) word gebruik
   - ✓ aan die einde van 'n vraagsin: Hoekom doen jy dit?

4. Die dubbelpunt (:) word gebruik
   - ✓ om aan te dui dat iets belangriks volg.
   - ✓ dat iemand se direkte woorde volg: Mary vra: "Wat het hier gebeur?"
   - ✓ as jy iets wil beklemtoon: Daar was net drie mense: Thandi, Thabo en John.
   - ✓ voor 'n verduideliking: As jy jouself 'n guns wil bewys, is daar drie dinge wat jy moet doen: lees, lees en nogmaals lees.
   - ✓ voor 'n lys wat opgenoem word: Leestekens bestaan uit die volgende: die punt, komma, dubbelpunt en vraagteken.

5. Die kommapunt (;) dui 'n pouse aan wat langer is as dié van 'n komma, maar korter is as dié van 'n punt.

- ✓ Dit word gebruik -
- ✓ As 'n pouse tussen twee sinne: Die graad 11-leerders het goed gedoen**;** Sibongile het die beste punte.
- ✓ In die plek van 'n voegwoorde: Sy is baie slim**;** sy speel al skaak (*chess*) sedert laerskool.

6. Die <u>aandagstreep</u> (**-**) word gebruik

- ✓ Om die aandag te vestig op dit wat volg: Tebogo het gekry waarna hy gesoek het **–** die geheime skat!
- ✓ By parentese: Ingevoerde motors **–** wat min mens kan bekostig **-** kos nou baie meer. (Kommas of hakies kan in die plek van die aandagstreep gebruik word.)

7. Die uitroepteken word gebruik

- ✓ aan die einde van 'n <u>uitroep</u>: Sies! Bly weg!
- ✓ aan die einde van 'n <u>bevelsin</u>: Staan nou dadelik op!

2. Taal in konteks: Skryf en leestekens: Afrikaans sonder grense, bladsy 46, no. 2 en no. 3.

2.1. <u>Vul die ontbrekende leestekens in</u>.

a. as jy fiks is sal jy die staproete kan doen

b. sy is baie fiks want sy gaan elke dag draf

c. mevrou van zyl vra vra wie wil leer hoe om te duik

d. johan sal jy my asseblief leer abseil

e. in my rugsak is daar 'n slaapsak klere my selfoon en 'n toiletsakkie

f. help ek gaan val skreeu ben

g. kom staan hier op die platform se die instrukteur

h. jd marshall 'n rotsklimmer het die kompetisie gewen

i. die seun met die gebreekte been is na dokter Jacobs geneem

j. daar is baie groot diep riviere in kwazulu-natal

2.2. In die volgende sinne is die leestekens verkeerd gebruik of weggelaat. Verbeter die sin.

a. Ek sal jou laat weet wanneer ons, ons planne finaliseer.

b. “Hoe laat vertrek die bus see toe”

c. Ek wil leer rotsklim want, ek is lief vir bergklim.

d. Daar was drie haaie om die staalhok sê Zaida.

e. Danny sê, “Ek hou baie van skubaduik.”